

Kobus Mol se winter

Deel I

Kobus Mol se ma kook sop.



Julle weet mos 'n mol slaap in die winter. Molle steek nie hulle neuse by hulle deure uit as dit koud is nie. As dit begin koud word, sluit hulle die deur en kruip diep onder hulle komberse in. Hoe kouer dit word, hoe dieper kruip hulle onder hulle komberse in. As dit op die koudste is, lê hulle in die diepste slaap. Daarom maak Mamma Mol nou potte vol kos. Daar is 'n pot vol lekker gedroogde blare en stingels. Daar is 'n kan vol van die lekkerste pitte en stronke.

“Kobus, gaal haal vir my 'n raap uit die spens,” sê Kobus se ma.

Sjoe, maar Ma het al baie kos gemaak! dink Kobus.



Daar hang rye en rye uie in die dak. Daar is sakke vol bone en ertjies en knolle en bolle! Sy mond water as hy die gemmer se wortels sien.

Hy vat 'n bos gemmer. Wat is lekkerder as gemmerpoeding?

“Ma, ek sien nie die rape nie. Maak liever van Ma se lekkerste nagereg,” sê hy.

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wat doen molle in die winter?
2. Weet jy wat noem ons dit as diere in die winter slaap?
3. Wat wou die mol se ma uit die spens hê?
4. Wat het die mol vir sy mamma geneem uit die spens en hoekom?
5. Soek die trappe van vergelyking in die leesstuk



Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
		koudste
diep		
	groter	

6. Soek al die meervoude in die leesstuk.

MEMO

1. Wat doen molle in die winter?

Molle slaap in die winter.

2. Weet jy wat noem ons dit as diere in die winter slaap?

Hiberneer

3. Wat wou die mol se ma uit dit spens hê?

Sy wou rape hê.

4. Wat het die mol vir sy mamma geneem uit die spens en hoekom?

Hy het vir haar gemmer gemeen, want hy wou Mamma moes vir hom gemmerpoeding bak.

5. Soek die trappe van vergelyking in die leesstuk

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
koud	kouer	koudste
diep	dieper	diepste
groot	groter	grootste

6. Soek al die meervoude in die leesstuk.

molle, neuse, deure, komberse, potte, blare, stingels. pitte, stronke, rye, uie, sakke, bone, ertjies, knolle, bolle, wortels, rape.